# Grow Glow Go

**Grow / groei**
**Alles in lewe groei.  God dit so gemaak.  Ons hou van plante, bome wat groei.  Dit is mooi.   Baba is oulik, maar moet groei.  Ons doen alles dat hy groei.  Dokter check up om te sien dat baba groei. Ons leer van kleins af, sodat ons verstandelik kan groei.  Ligaam, siel en gees**

**Glow / skyn**
**God ons die lig gemaak.  Ons geskape sodat Hy deur ons kan lewe.**
**Ons lewe wys vir die wêreld wie is Jesus**

**Go / Gaan**
**Ons is Jesus se liggaam hier op aarde.  Sy hande, voete ens**
**Ons is die H.G. se woonplek wat mense wil aan raak in die wêreld**

***Mat 16:16-17  Simon Petrus het geantwoord: "U is die Christus, die Seun van die lewende God."  (17)  "Gelukkig is jy, Simon Barjona," het Jesus vir hom gesê, "want dit is nie 'n mens wat dit aan jou geopenbaar het nie, maar my Vader wat in die hemel is.***

**Jy kan in die kerk groot geword het, jou pa en ma kon jou alles leer, maar as die H.G. nie aan jou openbaar wie Jesus nie, sal jy nooit weet nie.**
**Openbaar is, ervaar, beleef, verstaan, ervaar, besef.**
**Jy moet bid dat die H.G. Jesus aan jou openbaar**

1. Jou identiteit in God
2. Jou intimiteit met God
3. Jou integriteit deur God

Jy moet groei op die 3 areas in jou lewe.

<u>Grow / groei is jou identiteit in God</u>
*Rom 1:16-17  Ek skaam my nie oor die evangelie nie, want dit is 'n krag van God tot redding van elkeen wat glo, in die eerste plek die Jood, maar ook die nie-Jood.  (17)  In die evangelie kom juis tot <u>openbaring</u> dat God mense van hulle sonde vryspreek enkel en alleen omdat hulle glo. Dit is soos daar geskrywe staan: "Elkeen wat deur God vrygespreek is omdat hy glo, sal lewe."*

Jesus se evangelie gee jou die krag om te leef en te groei.  Krag om te leef.
Krag wat ons red, wat ons vergewe. Ons kom tot openbaring, ons kom tot

**volwassenheid. Jy kan slim wees maar dit beten nie jy is volwasse nie.**
**Ons leef deur die geloof, geloof maak dat ons besef wie ons is. Geloof maak dat ons God kan ken.**

***Rom 11:33-36 O diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele, hoe onnaspeurlik sy weë! (34) "Wie ken die bedoeling van die Here? Wie gee Hom raad? (35) Wie bewys Hom 'n guns, sodat Hy verplig is om iets terug te doen?" (36) Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in ewigheid! Amen.***

**Identiteit, wie is ek. God is my bron. Soos Jesus en die Vader een is, is ons ook. Ek leef in afhanklikheid van God. leer om so te leef.**

***Rom 5:17 Deur die oortreding van die een mens het die dood begin heerskappy voer deur hierdie een mens, maar deur die Een, Jesus Christus, is veel meer bereik: dié wat die oorvloed van genade en die vryspraak as gawe ontvang het, sal lewe en heerskappy voer.***

**2 Kor 5:21 Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom.**

**Ek kies, gaan ek my identifiseer met adam, Ek is 'n sondaar of kies ek om my te identifiseer met Jesus, ek is die regverdige van God in Jesus Christus**

**<u>Grow / groei jou intimiteit met God</u>**

**Wat is intimiteit? Dit is voel, ruik, hoor, sien, beleef, ervaar met iemand.**
**Ons almal het dit nodig.**
**Mense weet van God, ken God wetenskaplike, godsdienstig of filosofies.**
**Ons moet God intiem ken.**
**Wandel met God, loop sy pad. Hy ons geskape om Hom te ken, met Hom te kan praat.**

***Gen 1:26-28 En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip. (27) En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape. (28) En God het hulle geseën,.....***

***Joh 10:24-30 En die Jode het Hom omring en vir Hom gesê: Hoe lank hou U ons in onsekerheid? As U die Christus is, sê dit vir ons ronduit. (25) Jesus antwoord hulle: Ek het dit vir julle gesê, en julle glo nie. Die werke wat Ek doen in die Naam van my Vader, dié getuig van My. (26) Maar julle glo nie, want julle is nie van my skape nie, soos Ek vir julle gesê het. (27) My skape luister na my stem, en Ek ken hulle, en hulle volg My. (28) En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk***

*nie. (29) My vader wat hulle aan My gegee het, is groter as almal; en niemand kan hulle uit die hand van my Vader ruk nie. (30) Ek en die Vader is een.*

**Ek moet groei, leer om God se stem te ken, Sy manier te leer ken.**
**Om ons te ken is vir God baie belangrik.**
**Dat ons Hom moet ken is vir God baie belangrik.**
**Jesus sê vir die 5 dwase meisie wat later kom nadat hulle lampe reg is, ek maak nie die deur oop nie, want ek ken julle nie.**
**Nie elkeen wat sê Here Here, maar hulle wat ek ken.**

<u>Grow / groei jou integriteit deur God</u>

***Efes 2:10 Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel.***

**Hoe handel jy in jou huwelik, gesin, vriende, by die werk, jou bure ens**

***Efes 4:1-3 Ek vermaan julle dan, ek wat 'n gevangene is omdat ek die Here dien: Laat julle lewenswandel in ooreenstemming wees met die roeping wat julle van God ontvang het. (2) Wees altyd beskeie, vriendelik en geduldig, en verdra mekaar in liefde. (3) Lê julle daarop toe om die eenheid wat die Gees tussen julle gesmee het, te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe.***

***Rom 8:8-10 En die wat in die vlees is, kan God nie behaag nie; (9) julle is egter nie in die vlees nie, maar in die Gees, as naamlik die Gees van God in julle woon. Maar as iemand die Gees van Christus nie het nie, dié behoort nie aan Hom nie. (10) Maar as Christus in julle is, dan is die liggaam dood vanweë die sonde, maar die gees is lewe vanweë die geregtigheid.***

**Paulus leer ons hoe ons moet leef want ons is geroep. Ons doen dit deur die H.G. Ons moet bly oefen om dit reg te kry.**

***Spr 30:21-23 Daar is drie, nee, vier wat die lewe ondraaglik maak, wat onuitstaanbaar is: (22) 'n slaaf nadat hy koning geword het, 'n ongemanierde sot nadat hy hom vol geëet het, (23) 'n vrou wat eers nie 'n man kon kry nie en toe tóg getroud is, en 'n slavin nadat sy haar eienares se plek ingeneem het.***

**Dit is so belangrik dat jou identiteit reg kom. Dan gaan jou werke reg kom.**